22 Mei
Skrifgedeelte: Psalm 11

Nie vlug nie … vertrou!

Die Psalmdigter worstel met 'n baie ernstige lewensvraagstuk. Wat staan die gelowige te doen wanneer alles wat vroeër vas en seker was, onder die knaende verweer van die bose se aanslag begin om te verbrokkel? Sy vriende (?) is daar om wêreldse raad te gee: “Jy moet vlug!” Instinktief, halsoorkop, fladderend soos 'n voël moet jy afstand kry tussen jou en die probleme wat jou lewe bedreig. Die gevolg? Gelowiges vlug en hardloop weg van iets waarvan hulle nooit werklik sal kan wegkom nie. Dit gaan in wese oor 'n aanslag van die goddelose teen die gelowige (vers 2). As kind van God sal jy altyd 'n teiken bly, waarheen jy ook al gaan.
Ons moet leer om te vertrou. Vertrou beteken nie om maar passief te aanvaar wat gebeur nie, maar om aktief bewus te wees van God se teenwoordigheid, terwyl jy in 'n sekere krisissituasie verkeer. Die psalm leer ons dat die heilige God op sy hemelse troon “sy oë op skrefies trek” (“konsentreer”) om te kyk wat in ons lewens gebeur. Hy “keur” die goddelose en Hy “keur” die gelowige. Die goddelose sal in hierdie goddelike keuringsproses sy verdiende loon ontvang (vers 5-7). Wat van die gelowige? Is daar in God se oë goed*keuring* vir die gelowige se optrede? In Jesus Christus vlug ons nie weg van God af nie, maar juis, in die krag van die Gees, na God toe.
Dat die fondamente ondergrawe word en besig is om te tuimel, is 'n feit (sien vers 7b). Wat doen die Christene as dit gebeur – dit is die vraag! God “trek sy oë op skrefies” om te sien hoe sy kinders in krisistye reageer!
Sing: Psalm 46:1 Ds IW Ferreira (Rietvallei)